

AS CHRISTEN BY DIE SIEKBED

Definisie

Onder die woord siekebesoek verstaan ons (vir die doel van hierdie praatjie) sowel hospitaal-besoeke as besoeke by 'n sieke aan huis en dit sluit ook enige kommunikasie in - hetsy mondeling of skriftelik - wat ons met 'n pasiënt mag hê.

Oorsig Vooraf

1. Die Diensgroep van die Chrisante
2. Hoekom doen ons Siekebesoeke ?
3. Ons houding ten opsigte van Sieke- of Hospitaalbesoeke
4. Korte Metodiek van Siekebesoek (9-tal punte)
5. 'n Versoek aan die Kerkraad

1. DIE DIENSGROEP VAN DIE CHRISANTE

U weet wat die woord **chrisant** beteken? Ja, dit is die naam van 'n blomsoort, maar in hierdie geval is dié woord 'n saamtrekking van twee woordgedeeltes in "**Christus**" en "**gesant**" wat die woord "**Chrisant**" vorm. Ons wil nou hier kortliks die werking van ons diensgroep skets.

Ons is nog 'n jong groepie; ons "Gideonsbende" bestaan op die oomblik uit slegs 8 lede en is in die jaar 2001 gestig. Die name van ons diensdoende lede word elke week op ons diensrooster in die Gemeentebrief afgedruk.

Die Chrisante wil in alle nederigheid as gesante van Christus by die siekbed optree. Een lid van ons groepie rig hom spesifiek op Panorama- en Louis Leipoldt Medi Klinieke en die ander spits hulle toe op die ander hospitale in ons kontrei, veral op die Durbanville Medi Kliniek. En nou moet ek ongelukkig daarop wys dat ons enkele jare terug in verband met ons daaglikse skakeling met hospitale 'n groot probleem opgetel het. Vroeër was ons as chrisant-van-die-week gewoon om gereeld die Durbanville Medi Kliniek te bel om uit te vind of daar Gereformeerde lidmate opgeneem was. Hierdie hospitaal se rekenaarsstelsel was nl. só geprogrammeer dat die pasiënte se kerkgenootskap ook op die daaglikse opnamelyste vermeld was. Skielik het die hospitaalowerheid hulle personeel verbied om hierdie informasie aan buitestaanders beskikbaar te stel. (As 'n mens navrae sou doen na 'n spesifieke persoon, is die hospitaalspersoneel meesal wel bereid om 'n bed / kamernommer te verskaf). M.a.w.: die chrisante het wat hierdie informasie betref "blind" geword en is alleen op die interne kanale van die gemeente aangewese.

Daar is 'n voortdurende skakeling oor en weer tussen die predikante, ouderlinge, diakens en die chrisante. Dan reageer ons natuurlik ook op informasie wat ons uit ander bronne inkry.

Ons het sopas van 'n diensrooster gepraat. Hierdie rooster bevat nie alleen die name van die diensdoende chrisante nie maar dit lys ook 'n aantal chroniese siekes en meesal bedlêende bejaarde lidmate wat nie meer of nie gereeld kerk-toe kan gaan nie. Hierdie persone ontvang spesiale aandag en ons kommunikeer gereeld met hulle oor die telefoon. Ons praat veral hier van

die eensames in ons gemeente omdat hulle verstoke bly van die gemeenskap van die heiliges. (Aan die einde van ons praatjie kom ons hierop terug). Dan is daar uiteraard ook die persone wat onder “Meelewing” vermeld word in die gemeentebrief, wat ons aandag geniet.

Ons noem onself ‘n diensgroep en wil graag in die diens of amp van die gelowige die predikante en die kerkraadslede bystaan in die siekepastoraat. Wanneer meer besonderhede verlang word, kom gesels asseblief met ons. As u wil aansluit, sal u nie sommer weggewys word nie!

2. HOEKOM DOEN ONS SIEKEBESOEKE ?

Of anders gestel : Wat motiveer ons ?

In die eerste plek kan ons op hierdie vraag kort en kragtig antwoord : omdat ons Here Jesus Christus ons dit opdra. In Matt. 22 : 37 – 40, Mark. 12 : 29 – 31 en Lukas 10 : 27 lees ons van die Groot Gebod. As die gebod tot daadwerklike naasteliefde tussen **gesonde** mense geld, hoeveel te meer het ‘n **sieke** dan nie ons uitreiking in liefde nodig nie ? Siekebesoek is een van die talle maniere waarop ons kan en moet antwoord op die ondeurgrondelik grote liefde wat God elke dag aan ons wil bewys.

Tweedens is u by die bevestiging in u diens van ouderling of diaken in die bevestigingsformulier o.a. daarop gewys om “...alle Christene met raad en troos [te] ondersteun”.

Derdens is daar ‘n skrifgedeelte wat spesifiek verwys na siekebesoek, nl. Jak. 5 : 14, waar ons lees: “As daar iemand van julle is wat siek is, moet hy die ouderlinge van die gemeente laat kom, en hulle moet vir hom bid ...”.

3. ONS HOUDING TEN OPSIGTE VAN SIEKEBESOEK

Laat ons maar eerlik wees: sommige van ons lidmate / kerkraadslede mag dalk by hulleself erken dat hulle te beskroomd voel of hulleself nie geskik ag om op siekebesoek te gaan nie. Party van ons laat, veral in gevalle van ernstige aard, graag die siekepastoraat aan ons predikante oor. Dit is volgens sommige ook nie altyd so nodig om die minder ernstige siekes te besoek nie. Ons stem nie saam met so ‘n standpunt nie! Dit wil ons voorkom of daar by sommige van ons lidmate ‘n persepsie bestaan dat siekebesoek – veral in die meer ernstige gevalle – die domein van die predikante alleen is. Met dié van u wat ook so mag voel, wil ons graag nou die volgende afspraak maak : kom laat ons saam die “hospitaal-drumpelvrees” oorwin vanaand !

Onthou asb. altyd een ding : die Here weet hoe swak ons is, ook as siekebesoeker. Ons doen ons dienswerk nie in eie krag nie. Christus self sê in Joh. 15 : 5 vir ons: “.....want sonder My kan julle niks doen nie”. God ken ons in ons swakheid. Hy vra nooit die onmoontlike van ons nie. Hy gee ons altyd krag na kruis. Ons doen al ons dienswerk in diepe afhanklikheid van die Here en in voortdurende gebed om hulp tot God.

4. KORTE METODIEK VAN SIEKEBESOEK

Die tyd ontbreek ons ongelukkig vanaand om ‘n meer volledige opsomming van alle tersaaklike punte hieroor aan u deur te gee. Ons moet ons noodgedwonge beperk tot slegs enkele wenke oor hoe om by ons besoeke aan siekes op te tree. Ook sal ons ‘n paar opmerkings maak oor wat ‘n mens by ‘n besoek aan ‘n sieke moet doen en wat ‘n mens nie moet doen nie.

Die opskrif van ons praatjie is : “As Christen by die Siekbed”. Voor ons verder gaan, wil ons graag eers kortliks stilstaan by twee begrippe, nl. (i) “**siekte**” en (ii) “**trauma**”.

(i) **Siekte**

Ons weet almal wat siekte is. Ook is ons almal bewus daarvan dat ons kan siek wees na liggaam of gees. Ons noem dit hier omdat ons van oordeel is dat sowel liggaamlik siek as geestessieke persone ons spesiale aandag nodig het. Natuurlik is dit so dat ons as siekebesoekers ons nie mag inlaat met die fisiese genesingsproses of met die daaglikse versorging van die pasiënt nie. Dit is die terreine van die medici en die verpleegpersoneel. Die rede hoekom ons dié aspek van die siekbed hier noem, is hierdie : daar word algemeen in die mediese wêreld erken – ook deur onkerklike hospitaalpersoneel – dat pasiënte wat in hulle herstelproses begelei word deur 'n ondersteuningsgroep van godsdienstige aard in die algemeen vinniger genesing geniet as die siekes wat daarsonder moet klaarkom. Dit is hiër dat ons as kerkraadslede en as Chrisante behoort uit te reik na ons siek lidmate en wil optree as Chri(stus-ge)sante aan die siekbed.

'n Ander woord wat deesdae baie gebruik word, is

(ii) **Trauma**

Hierdie woord is van Griekse afkoms en het oorspronklik *wond* of *letsel* beteken. Teenswoordig word dit behalwe vir fisieke pyn veral ook gebruik in die betekenis van emosionele seerkry. (Vroeër is 'n mens bv. na 'n verkeersongeluk vervoer na die Ongevalleafdeling van 'n hospitaal. Deesdae gaan 'n mens na 'n Traumasentrum en word jy behandel deur 'n traumadokter aan diens). Die woord "trauma" het in die laaste tyd 'n modewoord geword.

Hoekom noem ons dit hier ? Omdat vir ons as siekebesoekers die begrip *trauma* in emosionele sin uiters belangrik is. 'n Mens kan die volgende stelling waag: selfs al voel 'n persoon nie (fisiek) siek nie, enige pasiënt, veral as sy / hy in die hospitaal lê, is in meerdere of mindere mate in trauma. En dit is nou ons taak as siekebesoekers om daarop in te speel en om onself voortdurend af te vra: wat gaan presies met hierdie pasiënt aan wat haar / sy gemoedstoestand betref?

Wat beteken (*emosionele*) *trauma* presies? Hierdie begrip kan baie verskillende gevoelens vertolk soos: angs, bekommernis, onsekerheid, neerslagtigheid, ook van eensaamheid, opstandigheid soms, ens. Daar is allerhande vrae wat in die pasiënt se kop opkom soos : gaan ek weer heeltemal gesond word ? Sal die medisyne wat aan my voorgeskryf word, help ? Sal die operasie wat gedoen is of wat nog voorlê, geslaag wees ? En veral die vraag: wanneer gaan ek huis-toe ? Ens.

Voorbeeld: 'n man van sê 70 jaar wat nooit in sy lewe ooit siek was nie, moet in verband met sekere ondersoekes gehospitaliseer word. Hy was nog nooit een nag weg van sy vrou nie ! Skielik beland hy totaal onvoorbereid in 'n onverwagse situasie. Hy voel glad nie siek nie maar tog is hy getraumatiseer ! Hy voel onrustig veral oor sy vrou wat alleen by die huis is; sal sy reg kom sonder hom? ; sal sy die huisalarm kan baasraak voor sy gaan slaap?, ens. Hierdie man is "uit sy gewone doen"; hy is "van balans af" en dit is **trauma** !

As siekebesoeker vra jy jouself af: wat kan ek doen vir hierdie pasiënt? :

As uitgangspunt moet geneem word dat 'n mens minder hoef te doen as wat jy dink nodig is; dat daar, in geval van 'n terminale pasiënt, selfs heel dikwels niks deur jou gedoen moet word nie. Die gevaar bestaan altyd dat 'n mens te veel wil doen. Dit is baie belangriker om net daar te wees, maar ... dit is 'n gekwalifiseerde "daar wees" in dié sin dat die siekebesoeker "in pas" moet wees met die pasiënt se gevoelens en reaksies.

Vergeet asb. van u gevoel van onmag en hulpeloosheid by 'n siekbed. Soos reeds gesê: ons doen hierdie werk nie in eie krag nie. Ons is dáár om die pasiënt se hand te vat en ons aanwesigheid by die siekbed is reeds genoeg!

Enkele praktiese wenke

Vraag: Hoè kom 'n mens "in pas" met die pasiënt se gevoelens en reaksies ? Die volgende praktiese aspekte is hier van belang - (ek beperk my hier tot 'n 9-tal punte) :

(a) "Om te luister is veel meer as fisiologie"

By die inkomslag stel jy jousef uiteraard bekend en jy noem dat jy (as Chrisant) 'n besoek by die sieke wil kom aflê. Die goue reël is: moenie self te veel aan die woord wees nie, maar luister met aandag en vol liefde en empatie na wat die sieke vir jou wil vertel.

Met oop ore en oop oë, met al jou "sensors" aangeskakel en jou "antennas" uitgetrek om alle "vibrasies" van die pasiënt op te vang, begin jy jou siekebesoek deur slegs een eenvoudige vraag te stel : "Hoe gaan dit vandag met jou/u ?" of : "Hoe voel jy/u vandag ?". Deur goed te luister na die antwoord op hierdie vraag, kom jy al gou in pas met jou pasiënt se gevoelens. Uit die sieke se reaksie sal jy wel weet wat jou volgende stap sal wees. Onthou asseblief: enige sieke is in trauma en 'n mens neem altyd sy gevoelens in ag. Die volgende gee ons hier weer met dankbare erkenning aan Jan Meintjes van ons gemeente : "**Waarom is luister so belangrik ?**" Die antwoord is :

"Dit wys dat jy omgee (in antwoord op God se liefde).

"Hieruit blyk dat jy verstaan (wat nie beteken dat jy altyd saamstem nie).

"Sodat jy effektief kan reageer ".

Ek wil in hierdie verband graag nog iemand aanhaal, en wel prof. Wilhelm Jordaan van die U.P. In D/B van 5/1/2006 het hy in 'n artikel o.a. die volgende gesê (en ek haal aan) : "..... Lank gelede het die filosoof Zeno, nie sonder ironie nie, 'n verband gelê tussen praat en luister. Hy reken die rede waarom die mens twee ore het en een mond, is dat ons meer sal luister en minder sal praat. Maar dit gebeur mos nie eintlik nie". En 'n entjie verder: "..... Maar om te luister is veel meer as fisiologie. Dit is 'n **opofferende ingesteldheid; 'n gewilligheid om iets prys te gee** en jou toegespitste aandag as 'n **soort geskenk** aan 'n ander te gee

Om net te luister, is tog só belangrik! Dit is 'n kuns om goed te luister. Wanneer jy as besoeker aandagtig luister, besef die pasiënt: hier is iemand wat vir my omgee!
Die besoeker se luister werk soos terapie op 'n sieke se gemoed.

(b) Stel die regte Vrae

Vra altyd oop vrae en nie geslote vrae nie. Die verskil tussen hierdie tipes vrae is dat 'n mens by 'n geslote vraag slegs as antwoord "ja" of "nee" kan verwag, terwyl jy by 'n oop vraag meer informasie sal kry. So sal 'n mens nooit vra nie: "Voel jy goed?" maar sal jy jou vrae altyd laat begin met spesifieke woorde soos: "hoe", "wat", "wanneer", ens. Dit word dus aanbeveel om altyd vrae te vra soos: "*Hoe gaan dit (regtig) met jou?*" of "*Hoe voel jy vandag?*", ens.

(c) Ons reaksies

Ons is liefdevol en belangstellend, nie nuuskierig in ons interaksie met die sieke nie. Ons moet ook nooit tussenwerpsels maak nie of in die rede val deur iets te wil sê soos: "O, ek het dit ook deurgemaak". Die sieke stel op daardie oomblik glad nie belang in ander man se probleme nie. Dit gaan hier om die pasiënt se welsyn, nie oor enigiemand anders s'n nie!

By die bespreking van ons Chrisante-diensgroep is daar reeds aangedui dat die Chrisante probeer inpas in die bestaande bedieningsmodel van ons gemeente. Veral by ernstige en

langdurige siektegevalle tree hulle op in noue skakeling en hegte samewerking met die ander rolspelers: die predikante, wyksouderlinge, -diakens en -susters.

Indien die siekebesoeker die vrymoedigheid daartoe besit, is dit allesins aan te beveel om by die siekebesoek iets vir die pasiënt uit die Bybel te lees en 'n kort gebed te doen. Ons ervaring is dat dit vir die pasiënt baie beteken. *“Hulle belewenis is dat die Here d.m.v.die persoon hulle kom besoek het”* (Ds. Reinder). (Dink ook aan die moontlikhede vir evangelisasie hier, veral as 'n mens die hele siekesaal kan betrek!).

(d) **Natuurlike optrede**

Dit behoort duidelik te wees dat 'n mens nooit lang monoloë aan die siekbed moet lewer nie. 'n Pasiënt kan hom baie maklik ontstel hieroor of moeg raak hiervan. Dink aan trauma! Wees as siekebesoeker dus altyd sober met jou woorde en heeltemal natuurlik in jou optrede: moenie dinge na die een of ander kant oordoen nie! [Daar is 'n nugter Nederlandse gesegde wat lui: “Doe maar gewoon, dan doe je al gek genoeg!”] Die sieke sal gou agterkom as jy besig is om oorhartlik of oordrewe simpatiserend, kortom onnatuurlik, op te tree.

(e) **Diskresie**

Wees altyd uiters diskreet! Moenie aan die sieke reguit vra : “Wat is met jou verkeerd?” nie of : “Watter operasie het jy gehad of moet jy kry?” As die presiese rede vir hospitalisasie nie aan jou verstrekkend word nie, los dit uit en moenie vrae hieroor vra nie. Die een persoon is meer privaat en sal minder maklik oor homself praat as 'n ander. 'n Siekebesoeker is altyd in 'n vertrouensposisie en hy ontmoet die sieke wanneer laasgenoemde in 'n baie kwesbare situasie in sy lewe is. Ons sê weer : wees diskreet! 'n Mens kan baie gou 'n pasiënt se vertroue verloor as jy uiters private inligting sonder skroom deurgee aan derdes. (Weer die gedagte: siekebesoek word gedoen uit **belangstelling = liefde** en nie uit **nuuskierigheid** nie!!).

(f) **Lyftaal**

Ons liggaamshouding en lyftaal is ook baie belangrik. Moenie te veel vorentoe (na die sieke se kant) oorleun nie. Hou letterlik afstand en respekteer die pasiënt se privaatheid. As daar is, kry vir jouself 'n stoel en sit ontspanne langs die bed. Die sieke raak dan ook meer op sy gemak. (Let asb. op of daar 'n stomasakkie aan die bed hang: so ja, sit dan liever aan die ander kant van die bed, weg van die sakkie).

Hou altyd oogkontak as jy met 'n sieke praat. As jou oë begin “dwaal”, word jou konsentrasie gouer gebreek en kan dit vir die ander voorkom of jy nie (meer) belangstel nie.

(g) **Duur van besoek**

Hou jou siekebesoek kort en beperk dit tot hoogstens 10 – 15 minute. Die duur van jou besoek hang in die eerste plek van die pasiënt se siektetoestand af, asook van die tydperk voor of na 'n operasie. (Sommige bronne beweer dat 'n besoek van 8 minute reeds voldoende is). Die belangrikste is om te onthou dat jy met jou besoek 'n pasiënt nooit mag vermoei nie. Onthou asb. : die sieke is in trauma!

(h) **Besoek aan kinders**

Moet 'n (klein) kind ook besoek word? Ja, natuurlik! 'n Kind is ook in alle betekenis van die woord 'n kind van die Here! (Dink ook asseblief aan Jesus se houding teenoor kinders). Voorbeeld: Toe ons tweede dogter 'n meisie van ongeveer 10 jaar was, word sy eendag na 'n operasie in die hospitaal in Kaapstad besoek deur ons predikant. 'n Mens kon die groot verbasing op die kind se gesig aflees: stel jou voor, die “doeminee” wat Sondags daar hoog op die preekstoel staan en preek, kom sommer by haar in die siekekamer ingestap ! Sy

was só beïndruk deur hierdie besoek: na 30 jaar praat sy nog daarvan! Die Here het met hierdie predikantsbesoek 'n groot impak op ons almal gemaak.

(i) **Betrek die hele gesin**

Ons moet altyd onthou: veral siekte van ernstige aard of 'n terminale siekte het 'n groot invloed op die lewens van die sieke se hele gesin. 'n Sware siekte van een lid van 'n gesin lê 'n groot stremming op alle lede van die huisgesin. As ons uitreik na 'n sieke, reik ons ook uit na die orige lede van die gesin. Hierdie aspek word soms oor die hoof gesien. Dis baie belangrik dat ons ook aan die man / vrou / kinders van die sieke vra: "En hoe gaan dit nou met jou / julle ? Kan ons iets vir jou / julle doen?" Of: "Het jy / julle enige hulp nodig?", ens.

5. 'n VERSOEK AAN DIE KERKRAAD

Ons wil as Chrisante ook nog graag 'n versoek tot u rig. Ons diensgroep het nie meer 'n verteenwoordiger op u vergadering nie. Daarom stel ons ons saak hier. Ons het vroeër vanaand al gepraat van die Chrisante se diensrooster en dat hierdie rooster ook 'n lysie bevat van 'n aantal chroniese siekes en meesal bedlêende bejaarde lidmate wat nie meer of nie gereeld kerk-toe kan gaan nie. Soos gesê, ons probeer om hierdie persone gereeld oor die telefoon te kontak.

In die jongste diensrooster is die name van hierdie persone soos volg [lees voor].

Versoek: Ons wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om u te vra om die name van lidmate wat na u oordeel ook in hierdie kategorie val, aan ons deur te gee. Dis waar, die Bejaarde-komitee is ook reeds aktief op hierdie gebied maar ons is van oordeel dat aan hierdie groepie lidmate nooit te veel aandag gegee kan word nie. Onthou: ons praat hier in die meeste gevalle van die mees eensame lidmate in ons gemeente.

Slot

Nog twee slotopmerkings: Wat ons altyd só opval, is dat siekebesoekwerk so 'n dankbare werk is. Jy sien die dankbaarheid in die sieke se oë! 'n Mens gaan partykeer huis-toe na 'n hospitaal-besoek en dan kom die vraag in jou op : "Wat het ek nou eintlik gedoen vandag?". Jy kan dan vir jouself as antwoord gee : "Hierdie sieke was op my pad geplaas. Ek kon God se werktuig wees net deur dáár te wees!"

Laat ons veral nie vergeet nie om voortdurend in gebed die siekes op te dra aan ons Hemelse Vader. Hy alleen kan volkome genesing bring. Hy alleen kan deur die werking van die Heilige Gees liefde in ons harte skenk sodat ons met 'n bewoë hart ons sal bly beywer vir die welsyn van die siek lidmate in ons gemeenskap.

Kuilsrivier, Oktober 2009

rfb